# PAARL-SKOOL | PAARL SCHOOL

Posbus/P.O. Box 140
Roglandstraat/Street
BRACKENFELL
7561
Tel: 021 981 5555/6
Epos/Email: admin@paarlskool.org.za

Borgliggaam/Sponsoring Body: BADISA
NG Kerk in SA/ Dutch Reformed Church in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation
Fund Raising Number 002-970 NPO

**Nuusbrief / Newsletter 2/2020** — **Datum / Date: 2020-12-11**

## Uit die hoof se pen... From the principal's desk...

Ons het vandag in klasverband na maande weer die skoollied gesing. Covid-19 weerhou ons van saalbyeenkomste. Ons skoollied het pragtige woorde wat so van pas is in hierdie ongenaakbare tye. As voorbeeld haal ek 'n strofe aan: "Ons kan leer, ons kan groei en ons kan glo, met ons voet op aard' en oog na Bo!"

Almal betrokke by Paarl-skool, het 'n uiters moeilike 2020 beleef, elkeen op 'n ander gebied en elkeen het dit anders hanteer. Vir my was dit 'n reis met my "oog na Bo!" Nie net met COVID-19 nie, maar ook met die onlangse politieke onrus, het ek baie meer as gewoonlik my oë opgehef en gevra: "Wat moet ek nou doen Here?". Hoe wonderlik is dit om van ouers, kollegas en selfs buitestanders te hoor: "Ons bid vir julle".

In hierdie nuusbrief lees ons van drie kollegas wat hulle skoolkoffers neersit en na rustiger weivelde vertrek. Graag bid ons hulle die ou seënbede toe: "Die Here sal vir julle goed wees en vir julle sorg. Die Here sal julle raaksien en vir julle sy liefde gee" Num 6:24-26.

Ek sal my roeping misken as ek ook nie almal herinner dat ons die geboorte van Jesus binnekort gaan herdenk met die viering van Kersfees. Mag ek afsluit met die woorde van Lukas 2:11-12: "... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here is. En dit is vir julle 'n teken: julle sal 'n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê."

Met hierdie heilige woorde wens ek u 'n tyd van rus toe en mag u met nuwe ywer die jaar 2021 binnegaan.

Vriendelike groete

Stoffel Kruger

## VOORSKOOLSE FASE - 'N UNIEKE JAAR

Net soos miljoene mense wêreldwyd, moes die Voorskoolse Fase se leerdertjies ook dié jaar leer dat die jaar 2020 unieke uitdagings, frustrasies en geleenthede sou skep. Hul moes leer dat 'n aansteeklike virus baie mense kon siek maak, maar dat jy gesond kan bly as jy gereeld jou masker dra, 'n veilige afstand van ander behou en gereeld jou hande skoon en kiemvry hou. Na 'n lang tyd se skoolgaan tuis, was dit vir hul heerlik om weer hul maats by die skool te sien en buite op die speelapparaat en in die sandput te speel.





# Grondslagfase behou die mooie

Ja, 2020 was 'n moeilike jaar vir almal, maar in die Grondslagfase het die 65 leerders, 6 juffies, 4 klasassistente en 3 fasiliteerders gesorg dat die mooie in ons almal behoue gebly het. Lekker laggies het gereeld die stiltes verbreek, liefde het altyd die leed oorwin en nooit het 'n dag verbygegaan waar ons nie God se wonder om ons kon aanskou nie! Hier is selfs 'n paar bewyse…Ons loof en prys ons hemelse Vader wat ons Grondslagfase veilig in Sy hand gedra het deur hierdie jaar.









# DIE INTERMEDIÊRE FASE DOEN DIT REG

A confusing year has come and gone,
as the Intermediots kept singing their songs.
A tip of the cap to our learners,
not worried about what went wrong,
but simply kept singing along!

The unknown would make fear take flight,
but at our school we do what's right!

The teachers wishing their kids were there -
Paarl School is guided by love and care.

A nod to our teachers who have helped us through.
We could have never done it without you!

From rain to heat the seasons change,
but one thing will always remain…
our love for Paarl School stays the same.

Ons kan leer, ons kan leef, ons kan groei en ons
kan glo met ons voet op aard en oog na Bo.

*- Sheldon Cummins -*





# Senior Fase - Skool-toe-gaan is 'n voorreg

2020. Skielik 'n donkerte oor die wêreld. Virus! Dood! Inperking! Onsekerheid! Vrees! Te midde van al hierdie dramas keer Paarl-skool se gemaskerde grootoog graad 7's terug skool toe. Stuk-stuk die res van die skool. Doodstil en benoud sit hulle by hulle banke. Hulle durf die onsekere aan om te kom leer…

Maar was die COVID-19 pandemie net sleg?

Alles behalwe! Skielik is gesinne bymekaar vir dae, soms maande. Mense werk van die huis af. Die voordele van elektronika word skielik meer as net 'n voordeel - dit word oorlewing. Die kinders besef skielik die voorreg en waarde van skool. Hulle raak meer gefokus. Paarl-skool werk soos bye by 'n heuningkorf. Lewens word gered. Ons werk slimmer. Verhoudings word herstel. Ons jaag minder. Ons weet skielik wat is noodsaaklik en wat kan maar vir eers oorstaan. Waardering vir ons gesinne en gesondheid kry weer prioriteit. Ons besef skool-toe-gaan is 'n absolute voorreg.

Elke donker wolk het 'n goue rand. COVID-19 was beslis nie net sleg nie. COVID-19 het ook fantastiese nuwe waardes en weë ontsluit. "Alles werk ten goede mee vir hulle wat God liefhet."













# ASSESSERINGSAKKOMMODASIES

In 2020 het ons die nuwe assesseringsakkommodasie-lokaal ten volle begin benut. Leerders doen hulle formele assesserings (toetse en eksamens) op die rekenaars met sagteware wat die vraestelle vir hulle lees. Hulle gebruik stemherkenningsagteware wat gesproke woorde omskakel in teks. Baie van ons leerders kan nou onafhanklik hulle eksamens aflê. Sedert die uitbraak van die pandemie, het ons verskeie veiligheidsprotokolle in plek gestel. Ons gebruik spesiale saniteermiddel om die rekenaars tussen gebruik te saniteer en leerders word aangemoedig om gereeld hulle hande te spuit terwyl hulle op die rekenaars werk.









# Die Praktiese Fase beleef 'n onvergeetlike jaar











Hierdie jaar het verseker 'n inpak op almal in ons fase gehad. Sommige van ons leerders moes langer tuisbly as gevolg van komorbiditeite. Ons het egter die grootste respek en dankbaarheid vir ons ouers wat so pligsgetrou gehelp het met skoolwerk. Verseker het dit nie ongesiens verby gegaan nie.

Ons het heerlik gedans en geoefen vir die "Jerusalema" uitdaging van ons president en sommer weer besef watter besondere fase ons is met ons klashulpe, fasiliteerders en opvoeders wat altyd alles met soveel lewenslus doen.

Ons vak Landbou vorder mooi en juffrou Hester Faure het die uitdaging met albei hande aangegryp. In haar eie woorde: "Ons kan heerlik buite in die tuin wees, ons vroetel tussen die kruie, trek onkruid uit en maak ons groente nat". Die bestaande groentetuin kon ons plavei, sodat ons rolstoelleerders gemaklik kan beweeg. Ons het ook die afgelope kwartaal hard gewerk en 14 vrugtebome geplant. Hierdie vrugteboord bestaan uit perskebome, pruime, nektariens, suurlemoene, amandels, olywe, vye en nog meer. Die doel is om vir die leerders te leer van 'n verskeidenheid vrugte en hoe ons dit plant en versorg. Die grond is eers ontleed deur 'n spesialis om te bepaal watter voedingstowwe nodig is, daarna is die bome op die regte plek en regte manier geplant. Ons is baie dank verskuldig aan boere en besighede wat die bome geskenk het. Op die oomblik is ons besig om besproeiing aan te lê na die bome. Besproeiing is ook deel van ons Landbou-kurrikulum en ons leer sommer eerstehands.

Die Werksvoorbereiding-skoolverlaters het op 10 November hulle "30days" gevier. Die maskers, "social distancing" en sanitering het nie hierdie groep gekeer om 'n heerlike tyd te hê nie. Die dag was vol vreugde, maar ook 'n paar oomblikke van trane. Dankie aan Juffrou Mariska Jordaan wat planne gemaak het om dit binne al die regulasies steeds 'n onvergeetlike pret gevulde dag te maak.

Ons groet 'n kollega, mev. Elsa Fourie wat na 33 jaar aftree. Haar deernis vir kinders en omgeehart vir mense sal altyd onthou word. Verseker sal sy die nuwe fase in haar lewe met oorgawe aanpak.

Nogmaals dankie aan ons ouerkorps vir hulle spesiale ondersteuning gedurende hierdie jaar. Saam het ons beslis van 2020 'n onvergeetlike jaar gemaak.

# ROLSTOELBASKETBAL

Molemo Mphomela was gekies as lid van die rolstoelbasketbalspan vir die Buffalo City Metro Suns Klub om aan die Supersport-reeks ope toernooi deel te neem. Dit het beteken dat hy teen baie ouer, ervare spelers meegeding het. Die span het 23 - 25 Oktober 2020 deelgeneem en 3 van hul wedstryde gewen. Ongelukkig verloor hulle die laaste wedstryd teen die Eagles, maar eindig in 'n algehele 2de plek. Molemo is ook gekies om spesiale opleiding by die SA O23-nasionale oefenkamp in Desember 2020 in Johannesburg te ontvang. Baie geluk, Molemo! Paarl-skool is trots op jou!



# Terapie gaan voort ten spyte van uitdagings
















Hierdie jaar was merkwaardig en uniek, nie net as gevolg van die uitdagings wat ons in die gesig gestaar het nie, maar ook omdat dit ons vermoë om aan te pas en kreatiewe maniere te vind om die ongewone omstandighede waarmee ons gekonfronteer is, te oorkom. Ten spyte van die uitdagings het terapie voortgegaan en ons doel was steeds om elke leerder te help om hul hoogste funksioneringsvlak op alle terreine van hul ontwikkeling te bereik. Soos almal, moes die ondersteuningspan by Paarl-skool aanpassings maak en onkonvensionele veranderinge aanbring in die wyse waarop ons terapie benader het en ondersteuning gebied het. Ons pogings was nie tevergeefs nie en ons kan terugkyk op ‘n jaar waar positiewe uitkomste t.o.v. terapie bereik is. Hierdie sukses is moontlik gemaak deur die samewerking van 'n wonderlike en toegewyde span by Paarl-skool. Ons sien uit na volgende jaar met die wete dat ons sal voortgaan, ongeag die omstandighede.

# PREFEKTE 2021



Adri de Waal



Marlie Blom



Deon Smidt



Shane Nanongkham



Amile Sogidashe



Tatum Whelan



Storm van Heerden



Kian Smith



Margot Conradie



Molemo Mphomela

# ONS GROET...



## Koekoe Cloete

Juffrou Koekoe (het julle geweet haar regte naam is Henriëtte Cloete?) is al in 1985 by Paarl-skool aangestel. Sy is al 35 jaar deel van Paarl-skool. Vandag groet ons by Grondslagfase 'n briljante onderwyseres, 'n kreatiewe, uiters bekwame kollega en 'n vriendin duisend! Sjoe Koekoe, ons harte is so seer om vir jou totsiens te sê. Jou grappies sal ons vreeslik mis, dis verseker. Maar wat Paarl-skool die heel meeste gaan mis: is jou wakker brein, jou omgee hart, jou sagte hande en wonderlike insig in ons leerdertjies (en ook ons kollegas) se persoonlike behoeftes.

"Die Here sal vir jou goed wees en vir jou sorg. Die Here sal jou raaksien en vir jou sy liefde gee." Numeri 6:24-26.

Tot ons mekaar weer sien.



Maart 2020



## Charine de Ridder

Ons groet vir Charine, ons internsielkundige van die afgelope jaar. Charine het vinnig werklik deel geraak van ons departement en haar onderskei as 'n waardevolle kollega en vriendin. Haar toewyding en omgee vir ons kinders en personeel verdien spesiale vermelding. Ons het baie by Charine geleer - ons wens vir haar net voorspoed en sukses toe.



## Elsa Fourie

Ons groet vir Elsa Fourie na 33 jaar. In haar eie woorde deel sy enkele hoogtepunte wat sy by Paarl-skool ervaar het. Sy begin deur te sê haar lewe sou beslis armer gewees het sonder die ervaring by hierdie spesiale skool. Haar onthou oomblikke: Bernard wat nooit gepraat het nie en toe een oggend skielik "Môre Juffrou" sê en nie weer ophou praat het nie. Oud-leerders wat na jare kontak behou. Jaarlikse CSV-kampe was beslis hoogtepunte. FAMSA-ontbyte waar al die dames gaan help. Hokker-wedstryde. Die Burger-Sanlam-fietswedren waar Paarl-skool se personeel onder andere amper 950kg "chips" gebraai en verkoop het. Jare se busbestuur. Uitstappies - 'n groot helikopter op Tafelberg wat 'n geweldige wind veroorsaak en 'n besoekende rugbyspan wat ons kinders letterlik vasgryp en beskerm. Konserte. Prestige-aande. Loslitdae en viering van die skool se verjaarsdag. Ook begrafnisse. 'n Tyd van goedheid en genade. Die goeie tye was goed en die slegte tye was ook goed. Ek sou dieselfde pad weer loop.

Elsa ons sal jou deernis vir jou naaste altyd onthou en waardeer.

## Eileen Marais



Dierbaar, professioneel, leier, 'n dame te alle tye, wonderlike humorsin, 'n drukkie-en-lekker-juffrou, uitstekende organiseerder, lojaal en toegewyd, 'n gebedsmaatjie, vriendin, selfs nou doktor en vir baie van haar kollegas oor die jare 'n baie gewillige oor… dit, in geen spesifieke volgorde nie, is Eileen Marais. Sedert 1982 (dus vir 38 jaar al!) het sy diep voetspore in Paarl-skool getrap, voetspore in kindertjies en kollegas se harte in wie se lewens sy 'n beduidende verskil gemaak met al haar liefde, energie en kennis. Haar onvoorwaardelike geloof in God se plan en gebedsverhoring en haar getuienis daaromtrent sal ons vir altyd bybly. Die stories wat sy graag vertel van "mnr Barker se dae" of "mnr Basson se dae" getuig van 'n skatkis vol herinnering wat sy agterlaat. Ons sal die monumente wat sy hier opgerig het, soos die Emosionele Versorgingskomitee, Damestee en vele ander vir altyd koester.

Die ou cliché "daar's 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan" is egter nou 'n realiteit vir jou én vir ons hier by Paarl-skool. Jou weggaan gaan 'n enorme leemte laat, maar ons troos is dat jy altyd lief sal wees vir Paarl-skool en dat jy ons sal dra in jou gebede.